SAOU MEDIAVERKLARING
18 JANUARIE 2018
EMBARGO: ONMIDDELLIK

LEERDERS WORD TE NAGEKOM TERWYL DIE LUR MET SY GLADDE TONG DIE PUBLIEK OM DIE BOS PROBEER LEI

Die SAOU wil dit onomwonde stel dat die huidige vlaag geweldadige onrus wat by Hoërskool Overvaal losgebars het, direk voor die deur van die Gauteng LUR vir Onderwys, Panyaza Lesufi, gelê kan word. Dié geweld is in reaksie op die uitspraak van Pretoria se Hooggeregshof, wat die opdrag van die Gauteng Departement van Onderwys aan HS Overvaal om 55 Engelse leerders te akkommodeer, ter syde gestel het.

Lesufi het dit uit die staanspoor duidelik gemaak dat hy sy doel sal bereik, naamlik die plasing van 55 Engelse leerders by 'n Afrikaanse hoërskool wat reeds vol is. Sy aandrang om die skool na die hof toe te sleep en sodoende leerders daarby te betrek, het direk aanleiding gegee tot die voortspruitende emosionele geweld onder ouers, leerders en die gemeenskap na die hofuitspraak.

Kommentaar gelewer deur sommige van die betogers, met spesifieke verwysing na Afrikaans, dui duidelik daarop dat die LUR sterker gedryf word deur politieke agendas as deur 'n verantwoordelikheid om kwaliteit onderwys vir die provinsie te verseker. Wanneer Lesufi 'n hofsaak wen, is die verwagting dat alle betrokkenes die uitspraak sal eerbiedig. In stede daarvan om die saak op 'n verantwoordelike manier te hanteer, speel hy die rol van aanhitser.

Nié Lesufi, óf sy departement, het op enige stadium die voor die handliggende vraag beantwoord nie: Waarom is daar nie betyds 'n voldoende aantal skole gebou om die groeiende getal leerders wat nog geplaas moet word, te akkommodeer nie? Is die LUR bewus van die onderwysrealiteite wat die provinsie in die gesig staar? Die huidige krisis is niks nuuts nie. In die verlede was die provinsie in dieselfde bootjie.

Ten minste 20 – 30 nuwe skole word tans vereis om die behoefte aan plasing van leerders aan te spreek. Die proses van verstedeliking gaan voortduur en indien daar nie ten minste 30 skole in die nuwe finansiële jaar gebou gaan word nie, sal Lesufi weer met 'n herhaling van die chaos ten opsigte van skooltoelatings gekonfronteer word.

Die hele kwessie van toelating word vererger deur die Gauteng Departement se sogenaamde elektroniese registrasie sisteem: "E-admission", wat in die verlede klaaglik misluk het omdat dit nie aan alle behoeftes voldoen het nie. Dit is dus geen verrassing dat daar sprake daarvan is dat die toelatingsproses in die toekoms weer deur skole self hanteer gaan word en nie deur distrikskantore nie.

Die bogemelde gebeure is 'n bewys van die LUR se voortdurende swak beplanning , asook sy onbevoegdheid om sy departement behoorlik te bestuur. Binnekort sal niemand weet wie om vir die huidige debakel te blameer nie, maar iémand sal wel aan die pen ry.

Slimpraatjies en populistiese bewerings op radio en televisie suggereer dat behoorlike onderrig van leerders geoffer word op die altaar van die LUR, ter wille van sy eie politiese aspirasies.

EINDE

Navrae: Ted Townsend (012 436 0900 /076-401-0342)

SAOU MEDIA STATEMENT
18 JANUARY 2018
EMBARGO: IMMEDIATE

LEARNERS LANGUISH WHILE THE MEC BABBLES

The South African Teachers' Union (SAOU) has stated unequivocally that it places the blame for the current violent unrest that has erupted at the Hoërskool Overvaal in Vereeniging, at the door of the Gauteng MEC for Education, Panyaza Lesufi. The violence follows a Pretoria High Court order to set aside a Gauteng Department of Education Instruction to accept 55 English learners at the Hoërskool Overvaal.

Lesufi made it clear from the outset that he intended to achieve his objective: the placing of 55 English learners at an Afrikaans high school which is already full. His insistence on taking the school to court and involving the learners in the process directly fomented the resultant emotional violence on the part of the parents and community at large following the court judgement.

Reported comments made by some of the perpetrators of the unrest, with specific reference to Afrikaans strongly suggests that the court case driven by the MEC has more to do with political agendas than it does with the supply of quality education for all in the province.

At no point has Panyaza Lesufi or his department answered the obvious question: Why have sufficient numbers of schools not been timeously built to meet ever-growing numbers of learners needing to be placed? Is the MEC aware of the Education realities that obtain in his province?

In the current year alone no fewer than between 20-30 new schools are required to begin to address the need.

The whole question of school registration is further exacerbated by the GDE's so-called 'E-admission' system that has proven several times in the past to be inadequate for the task. Not surprisingly, it appears that there is now a move to move school registration away from the district offices and back to the schools.

The MEC continues to prove his lack of proper education planning, management and general competence to run his department. The blame for the current debacle will no doubt be spun out of all recognition with everyone and everything else being to blame – past and present.

Glib, smooth-tongued populist claims on radio and television continue to suggest that perhaps the proper education of the learners is being sacrificed on the ego-alter of what appears to be no more than the political aspirations of the MEC .

END

Enquiries: Ted Townsend (012 436 0900 /076-401-0342)